

SONDAG 37

VRAAG EN ANTWOORD: 101

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?				
<p>Antwoord: Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond,</p>	1	Deuteronomium 6:13	Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer.	Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê.
		Deuteronomium 10:20	Die HERE jou God moet jy vrees, Hom moet jy dien en Hom moet jy aanhang en by sy Naam sweer.	Jy moet die Here jou God eer, Hom dien en aanhang, en wanneer jy 'n eed aflê, moet jy dit in sy Naam doen.
		Hebreërs 6:16	Want mense sweer by een wat meer is, en die eed van bevestiging is vir hulle die einde van alle teësprak.	Mense lê 'n eed af by iemand groter as hulleself. Vir hulle is dit die bevestiging van 'n saak, en dit sluit alle teësprak uit.
<p>en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik.</p>	2	Genesis 21:24	En Abraham antwoord: Ek sweer.	Toe het Abraham gesê: "Ek beloof dit."
		Genesis 31:53	Die God van Abraham en die God van Nahor, die God van hulle vader, sal regter tussen ons wees. En Jakob het gesweer by die Vrees van sy vader Isak.	Die God van Abraham, die God van Nahor, die God van hulle twee se vader sal as regter optree." Toe het Jakob 'n eed afgelê in die Naam van die Beskermer van Isak.
		Josua 9:15	En Josua het met hulle vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe; en die owerstes van die vergadering het hulle dit met 'n eed beloof.	Josua het die Gibeoniete goed behandel en met hulle 'n verdrag gesluit dat hulle lewens gespaar sal word. Die leiers van die volksvergadering het dit met 'n eed bevestig.
		1 Samuel 24:22-23	Sweer dan nou vir my by die HERE dat jy my geslag ná my nie sal uitroei en my naam uit my familie nie sal uitdelg nie. Toe sweer Dawid vir Saul. En Saul het na sy huis gegaan, maar Dawid en sy manne het na die bergvesting opgetrek.	Lê dan nou in die Naam van die Here 'n eed af dat jy nie my nageslag sal uitroei nie en so in my familie aan my naam 'n einde sal maak nie." Nadat Dawid vir Saul 'n eed afgelê het, het Saul huis toe gegaan, maar Dawid en sy manne het opgegaan na die bergskuiling toe.
		2 Samuel 3:35	Daarop kom die hele volk om Dawid te beweeg dat hy brood moet eet terwyl dit nog dag was; maar Dawid het gesweer en gesê: Mag God so aan my doen en so daaraan toedoen as ek voor sonsondergang brood of enigiets proe.	Die hele leër het Dawid probeer oorreed om iets te eet terwyl dit nog dag was, maar hy het 'n eed afgelê: "Mag God my om die lewe bring as ek voor sononder brood of ander kos eet!"

	1 Konings 1:29-30	Toe sweer die koning en sê: So waar as die HERE leef wat my uit alle benoudheid verlos het, sekerlik, soos ek u by die HERE, die God van Israel, gesweer en gesê het dat u seun Salomo ná my koning moet word en hy op my troon moet sit in my plek, sekerlik so doen ek vandag nog.	Toe lê die koning 'n eed af en sê: "So seker as die Here leef wat my uit alle benoudheid verlos het: soos ek vir jou met 'n eed voor die Here die God van Israel bevestig het dat jou seun Salomo ná my koning sal word, en dat hy in my plek op die troon sal sit, so doen ek dit nou weer."
	Romeine 1:9	Want God wat ek in my gees dien in die evangelie van sy Seun, is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink	God, wat ek met hart en siel dien deur die evangelie van sy Seun te verkondig, is my getuie dat ek gedurig in my gebede aan julle dink.
	Romeine 9:1	Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees	In my verbondenheid met Christus praat ek die waarheid, ek lieg nie; en my gewete, wat deur die Heilige Gees gelei word, getuig saam met my
	2 Korintiërs 1:23	Maar ek roep God as getuie aan oor my siel dat ek om julle te spaar nog nie na Korinthe gekom het nie -	Ek roep God tot getuie en staan met my lewe daarvoor in: dit was om julle te spaar dat ek toe nie na Korinte toe gekom het nie.